
BOEKBESPREKING.

Maria Hugo, M.A., D.Phil., Causaliteit in die Geskiedwetenskap, 'n metodologiese benadering. V. & R. Drukery, Pretoria, 1951.

Met hierdie werk het dr. Maria Hugo van Pretoria 'n belangwekkende bydrae tot die skrale Afrikaanse wetenskaplike literatuur oor die teoretiese geskiedenis gelewer. Tot be-

treklik onlangs was die navorsingsveld wat deur Afrikaanse geskiedskrywers gedek moes word so groot dat so goed as geen aandag aan hierdie sy van die wetenskap gegee is nie. Die feite van die geskiedenis moes eers geken word voordat oorgegaan kon word tot bespiegeling en verdieping, en in hierdie opsig het historici

in Suid-Afrika nog 'n groot agterstand om in te haal.

Dr. Hugo bespreek in hierdie werk inleidend die vraagstuk van casualiteit in die natuurwetenskap, die biologie en die sosiale wetenskappe om dan te handel oor die historiese metode en die veroorsakingsvraagstuk in die geskiedwetenskap self. Sy kom tot die besluit dat die benadering by alle historiese ondersoek dieselfde is, ongeag die objek van die studie, want die probleem bly steeds dieselfde nl. om aan te toon hoe die dinge geword het wat hulle is en wel uitgaande van die veronderstelling van 'n opeenvolgende reeks gebeurtenisse. Daarby werk die navorser met die formele causale beginsel dat die synde die resultaat is van die werking van natuurlike faktore. As navorser begin hy met 'n aantal dokumente waaruit hy 'n serie geïsoleerde feite kry. As historikus gaan hy egter uit van 'n idee, 'n intuïtiewe aanvoeling wat vorm en eenheid aan die genoemde reeks feite of gebeurtenisse gee. In die eerste geval laat hy hom lei deur die bronne, in die tweede deur sy eie insigte.. Sodoende skeep hy 'n beeld van die verlede en in sy voorstelling van daardie beeld van die verlede en in sy voorstelling van daardie beeld is hy selfs kunstenaar. In die diepste wese gee die historikus dus nie 'n objektiewe beeld van wat werklik plaasgevind het nie, maar 'n beeld soos hy hom dit voorstel. Eers daardeur kom hy tot sintese wat ver bo gewone beskryding en analise staan. Daarmee is hy in die ryk van die skeppende fantasie waar geen wette bestaan waarvolgens hy sy beeld tevoorskyn roep nie aangesien hy sy feitelike gegewens nie deur direkte waarneming kan vasstel nie. Daarin verskil sy metode ook grootliks van die van die eksakte wetenskappe. Hy kan ook nie die metode van abstraksie en veralgemening van die natuur-

wetenskappe in sy vakgebied toepas nie, maar historiese verskynsels slegs deur analogie begryp. Hy ondersoek feite nie slegs uiterlik nie, maar ook hulle diepere betekenis na analogie van eie ervaring en vorige gebeurtenisse. Hy moet leer om te begryp.

Die verskil in metodologie tussen die Geskiedwetenskap en die natuurwetenskappe bestaan dan daarin dat by eersgenoemde ontbreek die sekerheid van gevodgtrekkings, voorspelling van die toekoms, veralgemening en verifikasie terwyl die doelstelling geheel en al anders is. Wat laasgenoemde betref streef di geskiedwetenskap, anders as die natuurwetenskap, nie na praktiese nut en die afleiding van wette nie. Die causale samehang van feite kan ook nie in die geskiedwetenskap deur wette vasgestel word nie, of anders gestel kan geen algemeen geldende wette geformuleer word wat die causale samehang van feite bepaal nie. Daarmee is weer aangeland by die groot vraag van die reëlmaat in die geskiedenis. As daar geen wette is nie, hoe moet dan die reëlmaat by sekere reekse gebeurtenisse verklaar word? Die skryfster soek die antwoord in 'n beroep op die konstante element in die causale ketting nl. „die telkens herhalende aktiewe aanpassing van die mens aan nuwe omstandighede” wat sy beskou as die enigste wetmatigheid waarmee die historikus rekening kan hou. Van empiriese wetlikheid in die werklike sin van die woord kan daar intussen in die geskiedenis geen sprake wees nie en die historiese causaliteit is nooit 'n meganiese ketting in 'n skakel nie.

Die vakhistorikus sal seker saamgaan met bostaande gevolgtrekkings van dr. Hugo wat 'n groot aantal geleerdes se werke geraadpleeg het soos haar indrukwekkende bronnelys aantoon. En mens is dankbaar dat daar nou vir die eerste keer in ons eie taal

'n kort maar deeglike werk oor die onderwerp verskyn het waarvan elke Afrikaanse geskiedskrywer moet kennisneem maar op slot handel die skryfster slegs oor die metodologiese causaliteit as 'n verklaringsbegrip. Soos sy self erken, is geen poging aangewend om die causaliteitsprobleem in sy diepere betekenis op te los nie aangesien sy dit beskou as behorende tot die terrein van die geskiedfilosofie wat nog steeds soek na 'n eenheidskonsepsie vir die geskiedenis. Maar is dit voldoende?

Selfs professor Jan Romein wat die voorwoord tot die werk gelewer het, en dit is reeds al 'n onderskeiding vir die skryfster, verklaar daarin dat sy nie probeer het om 'n oorspronklike oplossing vir die vraagstuk van die historiese aetiologie te gee nie. Hy beskou „eie oplossinge” as voorbarig en 'n presentasie van die problematiek van die verskillende probleemkomplekse op hierdie stadium voldoende. Dit mag so wees maar die Christengeschiedskrywer moet aandring op 'n antwoord veral wat betref die probleem van causaliteit in wyere omvang. Meer as enige ander wetenskaplike besef hy terdeë dat hy afhanklik is van 'n algemene geskiedbeskouing wat deel is van sy lewens- en wêreldbeskouing. Dit is die geweldige vraagstuk van God as faktor teenoor die mens wat die denkers van alle eeue besig gehou het, die vraagstukke van voorbeskikking, van vrye wil en van die toeval in die geskiedenis. Waar mens te doen het met 'n algemene uitgangspunt in die wetenskap blyk juis die groot verskil tussen gelowige en ongelowige wetenskap. Geen metodologiese benadering kan die probleem so gesien, nader verklaar nie, want die oplossing lê slegs in die Christelike geloof. 'n Betragtting van hierdie aspek het egter buite die bestek van die werk van dr. Hugo geval.

Afsluitend moet my nog een opmerking van die hart, dat nieteenstaande alle bewuste metodologiese arbeid, mens nooit mag vergeet wat reeds vanaf Thucydides tot by Leopold von Ranke geblyk het, nl. dat selfs by die blote verhaal van die gebeurde deur 'n goeie geskiedskrywer die diepere samehang van feite duideliker kan blyk as wat spekulatiewe verklaring van causale verband ooit kan gee. Die waarlik groot historikus sal beskrywing en verklaring so sinvol verweef as wat slegs aan die kunstenaar Dei gratia gegee is, en dit sonder bewuste beoefening van wetenskaplike metode.

D. W. KRÜGER.

Dr. A. J. Groenewald: 'n **Handleiding in Beroepsvoortligting**. Impala Opvoedkundige Diens, Posbus 8822, Johannesburg, 1952. 234 bl. Prys 25/-, 25/6 posvry.

Hierdie werk is 'n omvattende behandeling van die probleem van beroepsvoortligting op ons skole. Al die aspekte van die saak word in den brede behandel, maar ongelukkig geheel en al op die voetspoor van die uitgebreid Amerikaanse publikasies op hierdie terrein. As samevattingwerk kan dit nuttig gebruik word deur diegene wat reeds in hierdie aspek van die werk op die moderne skool ingelei is. Maar ek vrees dat die onderwyser wat die werk moet doen, in baie gevalle ooreweldig sal word deur 'n veelheid van feite.

Die skrywer bly in sy opvattinge getrou aan diegene wat hy geraadpleeg het, opvattinge wat ons nie altyd kan onderskryf nie. So definieer hy opvoeding as „... aanpassing of inskakeling van die individu by sy lewenswerk” (bl. 1); en verder „Die

doelstellinge van al ons skole is selfbewuswording, menslike verwantskap, ekonomiese doeltreffendheid en burgerlike verantwoordelikheid" (bl. 23). Met hierdie suiwer humanistiese standpunt kan ons ons nie vereenselwig nic. In hoofstuk 5 eis die skrywer al die werk van die ware opvoeder vir die beroepsvoorligter op—waar kom die onderwyser dan in? En so kan ons nog meer vreemde opvattinge byvoeg. Dit bring mee dat hy eienaardige dinge kwytraak, soos „aanpassing by Goddelike wil: ewige aanpassing" (bl. 1).

En dan kan ek ook nie nalaat om op die taal te wys nie. Groot gedeeltes van die werk bestaan uit blote opskrifte, inventarisse waar 'n mens duidelike uiteensettings sou verwag. Dit skep die indruk asof die geskrif oorhaastig opgestel is. Let ook op uitdrukkinge soos „ . . . ondervind 'n

soort van skok", „die taak van die hoërskool . . . is een waarin die . . .", „fooie i.p.v. gelde", „vriende moet in mekaar glo", „watter administratiewe of uitvoerende betrekkinge is daar in die veld". En die spelling: „Onderwys Departement", „beroepssukses", „aanvang salaris", „voorstaanders", „half geskoolde", „godsdienst onderwys", „matrikulasie biologie", „aanvangssiektes", „hande of breiwerk", „werk toestand", „werkloosheids-assuransie", „skool en kollege prospektusse", „universiteit student", „personeel rekords", „produksie rekords". Hierdie dinge skep beslis 'n slordige indruk.

Die oordeelkundige leser kan hierdie werk egter nuttig gebruik.

H. J. J. BINGLE.

Potchefstroom.